

5 September

Skrifgedeelte: Psalm 119:105-128

Fokusgedeelte: Psalm 119:105,127,128

God se Woord wys vandag vir jou die regte pad

Wanneer ons saans tuis is, gebeur dit soms plotseling: `n kragonderbreking – die ligte gaan skielik af en dis pikdonker. Voel voel stap jy deur die huis, al stampende hier en daar op soek na `n kers of flits. Wanneer jy die flits aanskakel, skiet `n gevoel van verligting en tevredenheid deur jou. Ek kan weer sien waar om te loop.

So gaan dit in ons lewe met God se Woord. Die Woord is die lig wat vir ons in `n donker wêreld skyn. Wanneer ons die Woord nie gebruik nie, loop ons in die duisternis en stamp ons ons voortdurend teen sondes en verkeerdhede. Gebruik die lig van God se Woord wat vir jou wys hoe God wil hê jy moet lewe. Luister na die leiding van die Woord en doen dit in jou alledaagse lewe.

Dan word jy vandag self `n lig wat deur jou optrede na buite skyn deur jou optrede. Jesus het mos gesê: “Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is verheerlik” (Matt 5:16). Jesus is die volmaakte Lig vir die wêreld. Hy het in alles die wil van God volkome gehoorsaam. Tog word dit vir drie ure lank rondom die Lig van die wêreld donker wanneer Hy aan `n kruishout hang. Hy ervaar die duisternis en angs van die hel. Dít doen Hy in ons plek, sodat ons vandag mense van die lig kan wees – mense wat volgens die Woord lewe en uit wie daar, deur die krag van die Heilige Gees, lig skyn.

Sing: Psalm 19:4

Ds L du P van der Vyver (Silverton)